# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332
**Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers
**Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 30 April 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Prof Sarel van der Walt van die TSP**

Ds Pieter het siek geword en is in die gelukkige posisie dat sy seun vir hom kan instaan. Ons vertrou oom Pieter sal gou beter word. Ons sê hartlik welkom aan prof Sarel en dien die Here graag onder sy leiding.

**Tema: Wees op jou pos!**

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Lied 163:1; Votum: Seën; Loflied: Lied 184: 1, 2, 3, 4; Belydenis: 12 Artikels;

**Verootmoedigingsdiens**
Wetlesing: Markus 12: 28-31 en Romeine 13: 8-10 (1983 Afrikaanse vertaling); Sing: Sb 9-4: 1, 6; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Genesis 22: 1-14 (1933/53 Afrikaanse vertaling);
Teksverse: Genesis 22: 1, 7, 11;
Woordbediening;

**Dankdiens**
Gebed; Liefdegawes by die deure; Sing: Sb 14-3: 3, 4; Wegstuurseën, Amenlied: Sb 13-3.

**18:00 AANDEREDIENS: Prof Nico Vorster**

Dankie aan prof Nico wat vanaand se erediens lei. Ons is bevoorreg om soveel predikers in ons gemeente te hê wat kan uithelp.

**Tema: Ons moet die Woord van God met die regte gesindheid ontvang en uitdra.**

**ONTMOETINGSDIENS**
Intreelied: Lied 168:1, 2, 3; Votum; Seën; Loflied: Ps 31-1:1, 2, 3; Gebed

**WOORDDIENS**
Skriflesing: 1 Korintiërs 3;
Woordverkondiging

**ANTWOORDDIENS**
Gebed; Liefdegawe by die deure; Sing:
Ps 9-2:1, 6, 7; Seën; Amenlied Sb 13 – 1.

**MEELEWING**

- Marthie Schoeman sukkel met haar gesondheid en gaan DV 5 Mei vir ondersoeke en moontlike behandeling in Pretoria.
- Truida van der Walt se lensinplantings het goed afgeloop.

- Joke Botha het intense rugpyn ontwikkel en is in MooiMed opgeneem. Sy het probleem met ‘n rugwerwel ontwikkel en ook ‘n spier in die boud geskeur. Sy is Dinsdagaand aan haar rug geopereer en ons bid dat die operasie suksesvol sal wees.
- Rita Kleynhans het siek geword met griep en haar operasie is eers uitgestel. Roelf is ook siek en ons bid hulle beterskap toe.
- Mariana du Plessis sukkel steeds na haar knievervanging om te herstel en ons bid haar beterskap toe.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
18:00 Aanddiens

**Maandag**
Openbare vakansiedag
Kerkkantoor gesluit

**Dinsdag**
06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie Gr 8 - 10
18:45 Bedieningsdiensgroep

**Woensdag**
18:00 Katkisasie Gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie
18:30 Ouderlinge kommissie insake ouderlingbediening

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die Emeritusfonds (Klein boks). Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Emeritusfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 16 en 17.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 30 April**
Sr Karen de Villiers
Sr Rickie Storm
Jbr Renco v Niekerk

**Maandag, 1 Mei**
Br Wynand Scholtz

**Dinsdag, 2 Mei**
Br Divan Greyling
Sr Lien Kruger *
Ds Koos Mouton *
Br Zak v Heerden

**Woensdag, 3 Mei**
Sr Susan Velloen

**Donderdag, 4 Mei**
Sr Veronica v Wyk

**Vrydag, 5 Mei**
Sr Yvonne Coetsee *
Sr Marlize v Deventer

**Saterdag, 6 Mei**
Sr Lara Naudé
Sr Rita Venter

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## OOSDOPPERFEES: HULP

Soos ons nou ‘n paar keer kennis gegee het, beplan ons die Oosdopperfees vir die 5de Augustus hierdie jaar.

Ons vra reeds hulp vir die fees met die volgende afdelings:

- in die kombuis vir al die kosse wat ons daar voorberei vanaf 08:00 tot 13:00 en
- met die oggend se ontbyt wat vanaf 08:00 tot 10:00 bedien word.

Gee gerus julle name deur by kerkkantoor indien jy kan help.

## HUIS HEBRON-UITREIK

Een van ons uitreikprojekte is Huis Hebron. Ons het ‘n skenking van mussies gekry van Corrie du Plessis en haar span wat dit gebrei het, waarvoor ons baie dankie sê. Dan wil ons ook graag vir elke inwoner ‘n handdoek gee. Daar is 90 inwoners in Huis Hebron. Ons gee die geleentheid vir lidmate om ‘n handdoek te skenk of bydraes te gee wat in die sustersrekening inbetaal kan word. Baie dankie aan die groepsusters wat reeds hul hulp aangebied het om met die projek te help. Ons wil graag hierdie projek teen 27 Mei afhandel, indien jul betrokke wil wees.

## GKSA-NUUS

**Beroepbaarstelling: proponent Quinton Venter**

Tydens die Classis Contracta – Klassis Trans-Magalies – op 24 April 2023, is br Quintin Venter kragtens Kerkorde, artikel 4 geëksamineer en besluit het om hom binne die GKSA beroepbaar te stel.

**Aansoek Kerkorde, artikel 12 – Ds. G.J.J. (Giepie) van der Merwe**

Klassis Trans-Magalies gee hiermee kennis aan die kerkverband dat Ds. G.J.J. van der Merwe van GK Pretoria-Annlin, aansoek gedoen het om ingevolge KO, art 12 na ‘n ander staat van lewe oor te gaan. Die Klassis Trans-Magalies het, in die lig van KO, art 12, met die advies van Streeksinode Pretoria se Deputate art. 49, saam met die Kerkraad van GK Pretoria-Annlin, die aansoek van Ds. Van der Merwe deeglik ondersoek en goedgekeur.

Ons bid br. Van der Merwe en sy gesin die seën van die Here toe op hulle lewenspad.

**Aansoek om emeritering op mediese gronde - KO art 13 Klassis Trans-Magalies**

Ds Attie Venter van GK Pretoria-Annlin het al geruime tyd gelede aansoek gedoen om op mediese gronde te emeriteer. Die aansoek is deur die Kerkraad goedgekeur, maar heelwat besonderhede romdom sy emeritering moes nog in plek val. Sy aansoek is ook op die Klassis Trans Magalies bespreek en goedgekeur met ingang van 24 April 2023. Ds Attie sal egter sy status as Predikant van die GKSA behou.

Die gemeente verloor dus albei hulle predikante op een dag.

**Klassis Potchefstroom - aansoek om beroepbaarstelling: Barend vd Westhuizen**

Br Barend van der Westhuizen het by die pas afgelope Klassis Potchefstroom aansoek gedoen om beroepbaarstelling. Die klassis het besluit om ‘n spesiale klassis te hou op 30 Mei waarop die eksaminering en DV beroepbaarstelling kan plaasvind. Ons bid Barend sterkte toe met die maak van sy eksamenpreke en die eksaminering wat moet plaasvind.

## UITNODIGINGS

- **Aardklopstalletjie**
  Aardklop het aan ons susters ‘n uitnodiging gerig om ‘n kosstalletjie tydens 2023 se Aardklopfees te hanteer. Omdat die susters reeds baie betrokke is by die Kinderfees, sien hulle nie hulle weg oop nie. Indien ‘n groep / lidmate dit namens die susters wil doen, kan hulle met Rieëtte kontak.
- **GK Cachet: Damesoggend**
  Ons susters word uitgenooi na die damesoggend, Saterdag 6 Mei om 09:00. Sprekers: Dr Suzanne Kruger en Nicole Botha - R120 p/persoon.
  Advertensie op kennisgewingbord. Lys vir besprekings in voorportaal van die Skuur.



# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Marlise Styger en groep 8, Corné Geyer en groep 17, Rickie Storm en groep 26, asook Hannie Niemand en groep 34.

## BLIKKIES-WARMHARTE & SUSTERSBYDRAE



- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.



- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

*Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee!*

## SUSTERSAMEKOMS: DINSDAG 9 MEI

Blok B nooi al die susters na 'n spesiale kuier-geleentheid uit! Hou hierdie datum oop en kom geniet die aand saam met heerlike sop en broodjies. Barend vd Westhuizen spreek ons toe!

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **9 Mei** | **Dinsdag** | **18:30** | **Blok B** | **Sustersamekoms** |
| 04-Jun | Sondag | 18:00 | Blok C | Ouderlingverversings |
| 11-Jun | Sondag | 12:00 | Blok A | Nagmaalete |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!





# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

In die lig van die langnaweek vir die skole, is daar nie vandag ‘n Kinderblad vir die kinders nie.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

In die lig van die langnaweek vir die skole, word daar ook nie vandag tydens die erediens, ‘n aanbieding vir die kleuters gedoen nie.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |